# DIE VERSKYNSEL VAN GEBREK AAN GRONDBESIT BY DIE BURGER VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

deur

DR. P. NAUDE

*Hoof, Randfonteinse A. M. Skool.*

DIE Trekkers kon hulself in hul nuwe vaderland slegs handhaaf deur aktiewe deelname aan die verdediging, bestuur en administrasie. Wat in die pioniersomstandighede verwerf is, was die vrug van kollektiewe optrede. Die grondgebied waarop aanspraak gemaak is deur koop of deur ander voorwaardes, is gemeenskaplik besit in die sin dat elke burger die reg gehad het om op 'n plaas aanspraak te maak. Dit was ook een van sy belangrikste voorregte dat hy die reg op grondbesit gehad het. Dit was sy burgerreg om een of meer plase kosteloos in besit te neem.

Hierdie vooruitsig om genoegsame grond kosteloos kragtens sy burgerreg te verkry was 'n belangrike dryfveer vir deelname aan die Groot Trek.[1] Vir die Boer van die grensdistrikte in die Kaapkolonie was die besit van groot weivelde 'n belangrike noodsaaklikheid. Aan hierdie behoefte is nie voldoen nie, sodat die vooruitsig om voldoende grondgebied vir die boerdery te bekom beslis 'n belangrike beweegrede vir trek was. Uit die geskiedenis van die eerste nedersettings in Transvaal weet ons dat aan elke burger voldoende grond vir die boerdery gegee is. Tewens die republikeinse burger het voor die negentiger jare voldoende grond vir die boerdery tot sy beskikking gehad. Die land was ruim en die bevolking betreklik gering. Dit beteken egter nie dat elke boer sy eie grond besit het nie. Dit is een van die onverklaarbare verskynsels by die republikeinse burger dat hy die reg besit het om een of twee plase in besit te neem en tog uiteindelik sonder 'n plaas gesit het.

Voor 1858 het elk van die afsonderlike nedersettings sy eie bepalinge omtrent die aanspraak op grond gehad. Na die aanname van die grondwet in 1858 is die burgerreg ten opsigte van grondbesit 'n paar keer gewysig. Kortliks saamgevat kom dit hierop neer:

1. burgers wat voor of in 1852 Transvaal binnegekom het, was geregtig op twee plase;
2. burgers wat voor 1866 die land binnegekom het en op 26 Oktober van daardie jaar reeds 16 jaar oud was, was geregtig op een plaas;
3. burgers wat in die Suid-Afrikaanse Republiek gebore was en voor

(1) Muller, C. F. J.: *Die Britse Owerheid en die Groot Trek,* Kaapstad, 1947, pp. 54-55.

of op 21 September 1871 reeds 16 jaar of ouer was, was geregtig op een plaas.(2)

Uit voorgaande is dit duidelik dat alle burgers wat in 1895 die ouderdom van 40 jaar bereik en wat voor 1866 die Republiek ingetrek het of voor 1855 in die Republiek gebore is, op ten minste een plaas as burgerreg kon aanspraak maak. Die enigste ander vereiste om wetlik 'n plaas of twee te besit was dat die burger die eiendomsbewys, die grondbrief, van sy plaas verkry. Dit was 'n eenvoudige saak. Die prosedure wat gevolg moes word was kortliks soos volg: die burger soek vir hom 'n plaas uit en bepaal self vooraf die bakens, sodat die plaas ongeveer drieduisend morg groot was. Hierdie keuse laat hy dan by die landdros van die distrik waarin die plaas geleë was, aanteken. Aantekening het beteken dat die keuse op skrif gestel is met aanduiding van die ligging en die omgewing. Hierna moes die burger vir inspeksie van sy grond aansoek doen, d.w.s. die amptelike bepaling van die grootte en die grense van die plaas. Die inspeksie is gewoonlik deur 'n veldkornet en twee burgers gedoen. Indien daar geen beswaar teen die toekenning van die plaas was nie, moes die burger die eiendomsbewys, die grondbrief, verkry. Die koste hieraan verbonde was gering.

Groot nalatigheid het by duisende burgers voorgekom. In baie gevalle is die eerste stappe vir die verkryging van eie grond wel gedoen, maar die eiendomsbewys is nie verkry nie. Omdat die Regering besef het hoe belangrik dit was dat die burgers hulle burgerregte wetlik uitoefen, het hy vanaf 1870 probeer om deur wetgewing burgers te beweeg om grondbriewe te verkry. Die resultaat was niksbeduidend. Na 1884 kon grondbriewe nie meer verkry word nie.(3)

Toe die erkenning van grondregte finaal gesluit is, het talle burgers nog aansoek gedoen om grond.(4) Die Regering het by die Volksraad aanbeveel dat kompensasie gegee word aan burgers wat oorspronklik op grond geregtig was, maar nie die eiendomsbewys verkry het nie. Nadat die Volksraad hiertoe ingestem het, is kennis gegee dat aansoeke om vergoeding by die Regering ingedien kon word.(5)

Uit die finale verslag van die kommissie wat die aansoeke oorweeg het, het geblyk dat daar 4,110 wettige aansoeke was. Dit is aansoeke wat tot 1890 ontvang is. Hierdie getal is besonder hoog vir die bevolking van die Republiek in daardie jaar. Die vergoeding wat die oorgrote meerderheid van die aansoekers ontvang het, was die sogenoemde „burgerregerwe" op die dorpe. 'n Aantal het stukkies uitvalgrond ontvang.

(2) R 4039/60: Goewermentsekretaris aan Volksraad, 20 September 1860. Sien ook Notule van die Volksraad, art. 1157, 31 Julie 1890.
(3) Notule van die Volksraad, art. 343, 15 Junie 1883.
(4) R 7689/89.
(5) Notule van die Volksraad, arts. 1157-1159, 31 Julie 1890.

Dit wil voorkom asof die burgers van gedagte was dat plase altyd beskikbaar sou wees omdat die land so groot en onbewoon was. Dikwels het familie en vriende bymekaar gewoon om oor en weer hulp te verleen en om bestand te wees teen aanvalle van naturellestamme. Onder sulke omstandighede is die behoefte om die eiendomsbewys van grond wat nie bewoon of gebruik was, te verkry, nie gevoel nie. Later toe hulle wel grondbriewe wou neem, kon dit nie meer gegee word nie. Gedurende die eerste tiental jare van die Suid-Afrikaanse Republiek het talle en talle burgers een of selfs albei grondregte verkoop en later weer vir burgerregte aansoek gedoen. Baie gesinne moes vir hul onderhoud van hul plase verkoop.[6]

Na die ontdekking van goud op die Witwatersrand was grondbesitters maar te geneig om hul plase te verkoop vanweë die hoë grondpryse. Baie het egter nie weer grond gekoop nie. In 1889 het die heer J. Burger in die Volksraad sy kommer uitgespreek oor die verskynsel van die kwytraak van grond: „Onze gronden ontvallen langzamerhand aan de handen der rechtmatige bezitters".[7] Drie jaar later het hoofregter Kotzé ook gewys op die gevaarlike verskynsel dat burgers hulle grond kwytraak: „Wat stelt ons in staat thans het bestuur van het land te handhaven? M.a.w. waaraan is het toe te schryven dat de burgers van het land nog heden de Regering van het land in handen hebben? Deze vraag laat maar één antwoord toe. De burgers van het land zyn thans nog de *grondbezitters* van het land. Maar zal dat altyd zoo blyven? Het is een feit, dat dagelyks het grondbezit meer en meer in vreemde handen overgaat. De boeken van den Registrateur van Akten toonen aan, welke aanmerkelyke verandering in dit opzicht, stilzwygend maar zeker, onder ons plaats vind".[8]

In 1896 het die registrateur van aktes gerapporteer dat 'n kwart van die grond van die Suid-Afrikaanse Republiek aan uitlandse maatskappye behoort het.[9] In die negentiger jare het hierdie uitlandse maatskappye met hoofkantore in Londen duisende morg grond gekoop, gewoonlik in blokke van 50 of meer plase aanmekaar. Daardeur is grond aan die mark onttrek en dit het ten gevolge gehad dat grondpryse gestyg het. Die boer sonder kontant kon nie meer grond koop nie. Die redakteur van „De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser" het die grondbesit van hierdie maatskappye soos volg beskryf: „Een ander en een even grooter vloek is de Land Companies. Zy zyn gelyk de

(6) R 3265/59: memorie van D. J. Struwig, J. L. Opperman en C. Stoop.

(7) Notule van die Volksraad, art. 1249, 2 Augustus 1889.

(8) Byvoegsel by die *Staats-Courant,* 30 November 1892: antwoord op 'n rekwisisie om as kandidaat vir die presidentsverkiesing te staan.

(9) Verslag van die registrateur van aktes, 1896.

hond in de kribbe: zy gebruiken hunne plaatsen zelf niet, ook willen zy ze niet anderen ten gebruik afstaan".[10]

Verdeling van erfgronde was hoofsaaklik die enigste wyse waardeur die kinders wat ook net boere kon word, grond tot hul beskikking kon kry. In baie gevalle het die dele van plase so klein geword dat daarop geen bestaan met die ekstensiewe boerderystelsel gemaak kon word nie. Sulke grondjies is dan verkoop aan persone wat hul grondbesit wou uitbrei en die verkoper het dan nie meer grond besit nie. Tussen die jare 1893 en 1898 is daar 10,419 oordragsbewyse van gedeeltes van plase geregistreer teenoor 3,929 gevalle van hele plase.[11] Dit toon die omvang van transaksies in gedeeltes van plase aan. In 1896 het die heer Jeppe in die Volksraad verklaar dat baie jong seuns nie meer 'n bestaan op die erfgrondjies kon maak nie. Baie van hierdie mense het hul gronde verkoop en na Johannesburg gekom om iets daar te probeer doen.[12]

Gebrek aan grondbesit was een van die belangrikste oorsake vir verarming van die boerende bevolking. Die Transvaalse boer het sy onafhanklikheid en selfstandigheid hoofsaaklik deur sy grondbesit gehandhaaf. Verlies van sy grond het hom van sy selfvertroue en volhardingsvermoë beroof. Solank die boer sy grond behou het, het hy daarin 'n element van versekering gehad wat hom van oorgawe aan hulpelose armoede weerhou het. Ongelukkig het baie burgers dit nie vroegtydig besef nie en geleenthede verlore laat gaan om 'n anker te bekom in sy stryd. Eers toe grondpryse hoog was en die ekonomiese waarde van grond en die boerderybedryf besef is, het mense ontwaak. Dit was egter reeds te laat.

(10) Uitgawe van 16 Maart 1895.
(11) Verslag van die registrateur van aktes vir die betrokke jare.
(12) Notule van die Eerste Volksraad, art. 534, 8 Junie 1896.

# TRANSVAAL EN DIE TWEEDE BASOETO-OORLOG

deur

F. A. VAN JAARSVELD

## 1

DIE jare 1865 — 1868 sal in die geskiedenis van die Republikeinse Noorde altyd bekend wees as 'n tydperk van worsteling met naturellestamme wat hom van al kante bedreig of ingeval het. Hoewel die ou ideaal van vereniging van die twee Republieke finaal van die baan was, sou omstandighede hul dwing om saam te werk, 'n samewerking wat as gevolg van verskillende omstandighede nie na wens was of veel vrugte afgewerp het nie.